VERJAARSDAE : 18 APRIL TOT 24 APRIL 2010

04/18	ANDRÉ	SCHOLTZ	DF MALANLN 255	Blok 1
04/18	MONÉT	BOOYSEN	VAN RIEBEECKLN 142	Blok 3
04/18	ILZE	BESTER	KRUGERLN 100	Blok 3
04/20	LESINDA	VAN WYK	KRUGERLN 140	Blok 3
04/20	RITA	JAMES	VAN RIEBEECKLN 32	Blok 4
04/21	ANNEMÉ	BOTHA	VAN RIEBEECKLN 338	Blok 1
04/21	CONNIE	CONRADIE	KRUGERLN 285	Blok 1
04/22	TANIA	ROOS	CANTONMENTSWEG 1	Blok 2
04/22	WILLIE	NEÜ	KRUGERLN 250A	Blok 1
04/22	MICHAËL	ISKE	CHARIS 14 BASDENLN 228	Blok 4
04/23	NADIA	FOURIE	HANS STRIJDOMLN 215A	Blok 2
04/23	HANNES	ROOS	HANS STRIJDOMLN 30	Blok 4
04/24	HERMANUS	BOTHMA	DE LA REYWEG 16	Blok 4
04/24	AZELLE	STRYDOM	HOFMEYERWEG 15	Blok 1
04/24	EMILY	VAN REENEN	VAN RIEBEECKLN 60	Blok 3
04/24	LIEN	BADENHORST	VAN RIEBEECKLN 285	Blok 1
04/24	ETIENNE	STEP	VAN RIEBEECKLN 133	Blok 3

SPESIALE GELUKWENSING

Hartlik geluk aan Connie Conradie, Krugerln 285 wat Woensdag, 21 April sy 89ste verjaarsdag herdenk. Mag die nuwe lewensjaar vir u vol vreugde en geluk wees. Mag die Here u omvou in sy arms en u elke dag ryklik seën.

HUWELIKHERDENKINGS : 18 TOT 24 APRIL 2010

SATERDAG 24 APRIL

KRUGE EN ANNEMARIE ROELOFFZE	DF MALANLN 29	Blok 4

VRIENDELIKE VERSOEK…

Ek is tans besig met die inventaris van die kombuis se voorraad en vra vriendelik dat as daar iemand is wat moontlik van die kerk se toerusting tuis het, of u dit asseblief terug sal besorg in die loop van die week of volgende Sondag, 25ste April. As daar 'n probleem is met die terugbesorging van iets, skakel my en ek sal dit by u aan huis afhaal.

Baie dankie vir u samewerking.

Max Amsenga
Tel: 012 664-3629

BOOMSLOPING
EN SNOEI VAN BOME
EN STRUIKE
KONTAK: ERNST 083 656 4992

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 18 April 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 18 APRIL
Deurkollekte Jeug
09:00: Paassangdiens: Ds F Schoeman
18:00 Aanddiens: Belydenisaflegging

MAANDAG 19 APRIL
19:00 Bedienings– en Bedryfspan gesamentlike vergadering

DINSDAG, 20 APRIL
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
19:00 Delta-kursus

WOENSDAG, 21 APRIL
17:00 Biduur

DONDERDAG, 22 APRIL
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate (Delta-kursus)

SONDAG, 25 APRIL
09:00 Erediens

MAANDAG, 26 APRIL
Skole vakansiedag

DINSDAG, 27 APRIL
VRYHEIDSDAG
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 28 APRIL
17:00 Biduur

DONDERDAG, 29 APRIL
09:00 Bybelstudie Snr Lidmate (Delta-kursus)

VRYDAG, 30 APRIL
18:00 Jeug: "BASH"

SATERDAG, 1 MEI
WERKERSDAG

SONDAG, 2 MEI
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens:
Voorbereiding
09:00 Kinderedienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Frieda Collins, Stormstr 259(a) wat Dinsdag geopereer word (Blok 4)
2. Oom Connie Conradie, Krugerln 285 wat hierdie week in die hospitaal opgeneem is (Blok 1)
3. Jan van der Merwe, DF Malanln 12, wat hierdie week in die hospitaal opgeneem is (Blok 4).
4. Carla Pretorius, Concherto Partk 107 wat hierdie week skielik geopereer is (Blok 4).
5. Jaco Uys, seun van Andries en Adele Uys, Smutsln 120, wat nog siek is (Blok 3)
6. Floris en Marietjie Bellingan, Hans Strijdomln 101 met Marietjie se vader (Andries Fourie) wat sy heup gebreek het (Blok 3).
7. Michiel en Esmarie van Niekerk, Mont Valon 26, Von Willighln 166 met Esmarie wat ontslaan is uit die hospitaal en tans tuis aansterk. (Blok 4).
8. Adam en Shereen Barnard, Witelsstr 1 met Shereen se moeder en vader wat ernstig siek is (Blok 4).
9. Willie en Tania Neü, Krugerln 250 met Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok1).

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis
van die lewe te ontdek

20 Julie 2010—21 September 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan
of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.

Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van 'n geloofsgemeenskap ken nie en bou 'n verhouding met hulle op.
Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 0600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Vanweë die veiligheidsituasie is dit meer wenslik om by huise te kollekteer nie.

RUSOORD GHOLFDAG 21 MEI 2010

Rusoord versorg 'n aantal inwoners wat nie hulle volle versorgingskoste kan betaal nie. Fondse word jaarliks ingesamel om hierdie bejaardes finansieel by te staan.
Een van die projekte vir 2010 is 'n gholfdag op 21 Mei 2010 by die Dienste Gholfbaan (Voortrekkerhoogte). Inskrywingsgelde beloop R 350-00 per speler.
Vir meer inligting en inskrywings, skakel asb Bubbles Burger by 012 - 664 3388 / 082 820 4327.

FONDSINSAMELING

Ons Gemeente is die geleentheid aangebied om 'n kosstalletjie by die Wild Expo 2010 te bedryf om fondse in te samel. Ons gaan Koffie, Pannekoek, Koeksisters, Kerrie en Rys en/of Vetkoek en Maalvleis verkoop. Daar is reeds met die leiers van die aktiwiteite by die jaarlikse Parknaval gesels en hulle het hulle steun belowe. Ons vra asseblief dat alle gemeentelede wat kan help met die vooraf voorbereiding van die maalvleis, rys en/of vetkoek, die bak van pannekoek en die bediening by die stalletjie om hulp aan te bied en aan te dui wanneer hulle sal kan help.

BESTANDDELE sal welkom wees. Plaas is die houers by die deure nie later as **SONDAG 25 APRIL.**

Indien u 'n **KONTANT** bydrae wil gee, kan u dit in 'n koevert in die kollektebordjie plaas. Merk asseblief die koevert "WILD EXPO".

Voltooi asseblief die onderstaande en plaas in kollektebord of skakel:

Kobus Badenhorst 083 235 1084 / 012 664 5338
of Arie Roos 082 578 6595

NAAM: _____

Tel No: _____

VRYDAG 30 APRIL

Oggend _____ Middag _____

SATERDAG 01 MEI

Oggend _____ Middag _____

SONDAG 02 MEI

Oggend _____ Middag _____

Baie dankie vir u samewerking.

Delta Kursus

Dissipelvorming deur Bybelstudie

Dinsdagaande 13 April – 15 Junie 2010 om 18:30-21:00
Donderdagoggende 15 April – 10 Junie 09:00 – 11:00
Formaat: Interaktiewe kleingroep met sterk insette ten opsigte van kennis en inligting.
Daaglikse studie van ongeveer 30 minute
Benodig 'n vars nuwe Bybel!
Koste: R100 vir kursusmateriaal

4000 jaar in een aand Abraham tot Christus (Geskiedenis van Israel / Juda) Christus tot ons (Geskiedenis van die kerk) Bybel in Konteks – hoekom dit belangrik is. Beginsels vir studie van die Bybel Die Bybel is God se Woord in mensetaal Christus is die Lewende Woord. Ons ontmoet Hom in die Bybel.	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 3) Die boeke wat na die Ballingskap geskryf is Jesaja 56-66 Haggai en Sagaria Maleagi Esra en Nehemia Kronieke Jona en Rut Joël Ester en Daniël
Die tale van die Bybel Grieks en Hebreeus Manuskripte Teksoorlewering Kanonvorming Apokriewe boeke Literatuursoorte	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 4) Paulus en sy briewe Handelinge Die Joods-Romeinse oorlog
Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 1) Die boeke wat voor die Ballingskap geskryf is (1000 v.C. – 586 v.C.) Genesis 2 en verder Eksodus Verhale oor Elia en Elisa Troonopvolgingsverhaal Amos en Hosea Jesaja 1-39 en Miga Nahum Sefanja en Habakuk Jeremia	Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 5) Evangelies en Openbaring Matteus Markus Lukas Johannes Openbaring
Hoe die Bybel ontstaan het (Deel 2) Die boeke wat tydens die Ballingskap geskryf is (586 v.C. – 539 v.C.) Esegiël Jesaja II Josua – 2 Konings Levitikus en Numeri Genesis 1	Wie was Jesus? Resultate van die Historiese Jesus navorsing

CMR LYTTELTON : 24 APRIL 2010
KOEKVERKOPING TE IRENE VILLAGE MARKET

Die CMR sal dit opreg waardeer as u gemeente ons weereens kan ondersteun met die koekverkoping, sonder u gemeente se hulp kan ons dit nie doen nie . Die verkopings is werklik 'n groot sukses en ons waardeer u gemeente se bydrae, gebak of finansieel, baie.

Ons benodig weer:

Tien (10) gebak soos byvoorbeeld **koeke; kolwyntjies; terte; beskuit; klein koekies; piesang-; dadel-; of gemmerbrode** ensovoorts. Merk asseblief watter soort/geur die gebak is. (Koekhouers sal deur CMR verskaf word.)

Dit sal waardeer word indien u ons op Donderdag, 22 April 2010 sal laat weet indien u gebak kan voorsien sodat ons kan reël wanneer en waar dit afgehaal kan word.

As ons nie beskikbaar is nie laat asseblief 'n boodskap op die antwoord/faksmasjien (tel no. (012)664-5837) of e-pos cmrlyttelton@cmroos.co.za.

Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

MEV ANEL ROUX : MAATSKAPLIKE WERKER

VARS VRUGTE EN GROENTE TEEN GROOTMAAT PRYSE

NELTROPICA FRUIT van Rachel en Adri Maartens gaan vars groente en vrugte verpak soos versoek, teen grootmaat pryse, op bestelling aflewer by die kerk oor naweke.

Bestellings kan geplaas word by: 012 323 9200 (bedags)
012 664 4770 / 082 345 5681 (saans)
e-pos: info@neltropica.co.za

Wil jy graag dien maar jy weet nie waar nie?
Wil jy weet wat jou talente en spesiale vermoëns is?

ONTDEK JOU POTENSIAAL

Kom vind uit waarmee die Here jou toegerus het
Ontdek jou onontginde natuurlike vermoëns en talente
en jou unieke samestelling
Kry duidelikheid oor jou beroepskeuse
Leer hoe om talente om te sit in areas van uitnemendheid
Verneem waar jy 'n unieke bydrae kan lewer

Werkswinkels hierdie jaar:
22 Mei 2010 (08:00—16:00)
28 Augustus 2010 (08:00—16:00)
6 November 2010 (08:00—16:00)

Koste: R290
(Sluit in: 'n internet-toets wat vooraf gedoen moet word;
kursusmateriaal, verversings en 'n middagete)

Skryf in deur: 'n SMS te stuur aan 0845818139
'n Terugvoervorm te voltooi
Bywoning op ons Facebook bladsy aan te dui
(soek vir NG Gemeente Lyttelton-Oos)

KOSMOS TUISNYWERHEID
U VRIEND/VRIENDIN IN DIE KOS-BESIGHEID
PETRU AUGUSTYN
Selfoon: 071 6775005
Centurion Mall Winkel 30 B
Telefoon: 012 663 1834

KAARTJIES OOK BESKIKBAAR BY:
Annette Dreyer
082 821 9140

CULLIFEST - PREMIERMYN GEMEENTE

Ons het die vrymoedigheid om weer te vra om Cullifest asseblief op julle afkondigings te plaas, dalk in julle familienuus te plaas, of dalk nog aan almal op julle adreslys te stuur. Cullifest is 'n baie gewilde jaarlikse familie feesdag en trek feesgangers so ver as die Vrystaat, Oos-Rand, Witbank, Groblersdal en Pretoria, wat deur die NG Gemeente Premiermyn georganiseer word. Cullifest stel ons gemeente in staat om finansiële verpligtinge na te kom.

- 'n Persentasie van die wins wat hierdeur verdien word, stel ons in staat om bydraes toe te ken aan verdienstelike gemeenskaps-projekte.
- Dit sluit in ondersteuning van Kinderhuise, Skole, Opheffingswerk onder straatkinders in Pretoria, Qumihuis, ens.

Baie dankie, ons waardeer jul ondersteuning.

Tienie de Bruyn
082 925 5671

****

BAIE DANKIE ...

Baie dankie aan almal wat gehelp het met die voorbereiding en bak van jaffels.

Dit was werklik heerlik en gesellig — ten spyte van die harde werk daaraan verbonde!

Ons het 720 gebak en kon aan al die bestellings voldoen.

Baie dankie aan ALMAL vir die ondersteuning.

Rina van der Merwe

PASTORALE SKRYWE AAN LIDMATE VAN DIE NGK (15.04.2010)

Die 11 Moderators/Voorsitters van die NG Kerk in SA en Namibië het die afgelope week vir drie dae te Wildernis vergader. Dit is 'n byeenkoms wat reeds die afgelope 17 jaar plaasvind op uitnodiging van 'n lidmaat en sakeman mnr Anton le Roux. Die vergadering is van informele aard, maar daar word indringend na van die werklikhede gekyk wat ons Kerk en land in die gesig staar. Ruim tyd word ook vir gebed en bestudering van die Woord ingerig. Tydens die vergadering is gevoel dat die Moderators/Voorsitters graag die volgende pastorale skrywe aan lidmate wil rig:

1. As Moderators/Voorsitters het ons die afgelope tyd deeglik bewus geword van intense emosies wat in beide ons lidmate en mede-landgenote leef. Dit sluit emosies van seer, onsekerheid, bitterheid en selfs woede in. Genadiglik is ons ook bewus van hoop, die verlange na vrede en die begeerte om 'n positiewe verskil in die land te maak. Dit is ons innige gebed dat die Kerk in hierdie dae al meer 'n instrument sal wees wat hierdie emosies hoor, verstaan en op sensitiewe wyse sal begelei ooreenkomstig die helende Evangelie van Jesus Christus. Hier kan ons 'n verskil maak.

2. Deeglik bewus van die sensitiewe en broos tye waarin ons leef, roep ons lidmate op tot 'n gees van verootmoediging en in die besonder 'n biddag op Sondag 9 Mei 2010 waar ons graag sal wil fokus op:

- Die opstandingshoop wat die Evangelie van Christus ons in hierdie dae bied
- Gebede om vrede
- 'n Geleentheid om weer na God te luister oor wat Hy van ons as Kerk in die dae vra
- Gebede dat God werklik van die NG Kerk 'n instrument van eenheid, geregtigheid en versoening in ons land sal maak.

3. Intussen roep ons alle lidmate op om juis in hierdie dae met konkrete dade van liefde en versoening na mede-landgenote uit te reik.

4. Ons wil lidmate aanmoedig om opnuut die aangesig van God op te soek in die verwagting dat Hy deur sy Heilige Gees aan ons innerlike krag en sterkte sal gee. Dit is ons oortuiging dat, terwyl die Heilige Gees nog altyd 'n sentrale deel van ons gereformeerde teologie uitgemaak het, 'n nuwe seisoen van vernuwing en lewe alleen moontlik is deur die genadige werking van die Heilige Gees in ons kerk en persoonlike lewens. Mag ons dus in hierdie dae opnuut op die Gees van Christus fokus.

5. Ons meen dat hierdie veral ’n tyd is om ook opnuut na mede-gelowiges in alle denominasies uit te reik. Ons is oortuig daarvan dat eenheid onder Christen-gelowiges belangriker is as ooit. Dit het natuurlik ingrypende implikasies vir hoe ons teenoor mekaar optree en hoe ons oor mekaar praat. Mag die liefde van Christus in alle opsigte hier die heerskappy voer. Ons glo onwrikbaar dat ons land in Christus ’n gelukkige toekoms het. Hierdie hoop wil ons leef en verkondig.

6. Graag bid ons hiermee die seën en genade van onse Here Jesus Christus af op ons lidmate, maar terselfdertyd ook op Afrika, die kontinent waar God ons geplaas het om te lewe en Hom te dien.

Prof Piet Strauss (Namens die Moderators/Voorsitters van die 11 Sinodes van die NG Kerk) 15.04.2010
(Tel 082 557 3414; e-pos: straussp@ufs.ac.za)

RUSOORD — BAIE DANKIE!

Baie dankie vir u ondersteuning met ons afgelope môremark.

VOORBEREIDING VIR VOLGENDE MôREMARK!!

Nouja 'n mens kan ook nie terugsit nie. Daar word nou al gewerk vir die volgende môremark. Dit sal waardeer word as u vir ons met van die volgende items kan help:

- Oorskiet lappe, kant, lint, krale, geskenkpapier en karton.
- Gebruikte kaartjies (verjaardag, kers en alle soorte).
- Houthangers.
- Ou gebruikte CD & DVD's. (Kom gooi dit by Rusoord weg - ons gebruik dit om bruikbare artikels te maak).
- Groot sleutelringe.
- Hekelgare.
- Wol - veral "fluffy wol".
- Organza lap.
- Potplanthouers (plastiek/ glas)
- Leë Ensure/ Shape blikke.

Dankie dat u weer na Rusoord se saak luister.

Rusoord groete

BYBELS BENODIG VIR BEKEERDE MOSLEMS

Beste Ondersteuner

"Ek het nie geweet wat om te dink van die man in wit wat in my drome verskyn nie. Wie is hy? En waarom droom ek van hom?"

Hierdie is Hamid, 'n inwoner van Iran se woorde. Ek is oortuig daarvan dat God vir hom drome gestuur het oor Jesus. Daarmee saam het Hy hom na 'n vriend gelei wat 'n rare en waardevolle boek besit het, wat hom sou help om die drome te verklaar. Hierdie boek was die Nuwe Testament.

Een van ons kontakte in Iran het dit aan ons verduidelik, "Hamid het op verskeie aande begin drome droom. Hy het gedroom van 'n man in wit wat op 'n berg staan en vir hom sê, 'As jy honger is, kom na my toe en ek sal jou voed.' Later het hy gedroom hoe dieselfde man op water loop, terwyl hy sy hand na Hamid uitstrek."

Omdat Hamid nog nooit vantevore die Evangelies gelees het nie, was hierdie gebeure en wonderlike woorde nie deel van sy verbeelding nie!

Hy het later self met ons gedeel, "Ek het nie geweet wat om van die man in wit geklee te dink nie. Wie is hy? En waarom droom ek van hom? Ek het my vriend hiervan vertel. Hy het toe aan my verduidelik dat elke sin wat die man gesê het, opgeteken staan in die Nuwe Testament. Ek was geskok, heeltemal oorbluf. Ek het nog nooit in my lewe 'n Nuwe Testament gesien nie, maar ek is oorweldig toe ek dit gelees het en het besluit om 'n Christen te word."

Ek sien hierdie getuienis as beide goeie nuus en 'n ongelooflike uitdaging. God wys vir ons dat dit nie onmoontlik is om 'n Moslem-hart aan te raak nie.

Die uitdaging is dus dit, **Soos God Moslems na geloof in Christus lei, sal ons hulle kan voorsien met Bybels en Nuwe Testamente, om sodoende hulle in Sy beloftes te laat groei,**

Jy kan vandag ‘n kardinale rol speel deur ‘n geskenk te stuur en sodoende Bybels te verskaf aan nog gelowiges soos Hamid.

Saam in Christus : Gerrit Coetzee
Metodes van betaling: Besoek www.opendoors.org.za en klik op Donate Online
Deponeer die geld in ons rekening/Doen 'n elektroniese oorplasing

Bankbesonderhede: GeopendeDeure-OpenDoors
ABSA-Northcliff(632005)
Rekeningnommer:160340568
Tipe:Tjekrekening
Verwysing: Donateursnommer